



Hospitalisasie Vorm

Kliënte Besonderhede

Naam en Van: _____

Huis Adres: _____

E-pos adres: _____

ID Nommer: _____

Selfoon Nommer: _____

Werk Nommer: _____

Huis Nommer: _____

Alternatiewe Nr: _____

Nota: Dit is belangrik dat u telefonies beskikbaar is terwyl u troeteldier in die hospitaal is

Pasiënt Besonderhede:

Naam: _____ Spesie: _____ Ras: _____ Ouderdom: _____ Geslag: _____ Gewig: _____

Wanneer laas is u troeteldier ingeënt? _____

Let wel: Ons beveel aan dat alle diere wat in die hospitaal opgeneem word, ten volle ingeënt moet wees

Het u troeteldier enige gesondheidsprobleme, allergieë of medikasie waarvan ons bewus moet wees? Ja Nee

Spesifiseer asseblief: _____

Het u troeteldier onlangs tekens getoon van enige siekte? Ja Nee

Spesifiseer asseblief: _____

Hoofrede vir hospitalisering: _____

Bemagtiging:

Pasiënte wat chirurgie ondergaan: In die meeste gevalle kan 'n finale kwotasie nie opgestel word nie, alvorens die pasient narkose ontvang het nie. Dit is dus uiters noodsaaklik dat ons u op kort kennis telefonies kan bereik om 'n finale kwotasie of keuse van behandeling aan u voor te kan lê.

Pasiënte wat mediese behandeling ontvang: Menige aanvanklike kwotasies mag dalk oorskry word afhangende van die pasient se reaksie op behandeling.

In die geval waar ons u nie betyds telefonies kan bereik nie ,watter van die volgende opsies verkies u?

- Gaan voort met die behandeling ongeag die kostes
- Gaan voort met die behandeling tot en met die volgende bedrag _____ (Spesifiseer bedrag)
- Staak asb alle ekstra behandeling en bly binne die oorspronklike kwotasie soos bespreek is.

Addisionele opsies:

Dit mag in die belang van u dier wees om die volgende prosedures te doen terwyl die pasient reeds onder narkose is:

- | | | |
|---|---|---|
| <input type="checkbox"/> Kastrasie / Sterilisasie | <input type="checkbox"/> Ore skoonmaak | <input type="checkbox"/> Bykloue Verwyder |
| <input type="checkbox"/> In-entings en ontworming | <input type="checkbox"/> Tandheelkundige Prosedures | <input type="checkbox"/> Breuk herstel |
| <input type="checkbox"/> Microchip inplanting | <input type="checkbox"/> Biopsie / Knoppe Verwyder en analise | <input type="checkbox"/> X –strale |

Kalmering, narkose en skeer van die pels mag dalk nodig wees om die toepaslike prosedures uit te kan voer.

Indien u troeteldier genarkotiseer moet word: Ons beveel bloed en urientoetse aan vir diere wat ouer is as 7 jaar. Dit is opsioneel vir jonger diere. Hierdie toetse help om die veiligheid van narkose vir u troeteldier te bepaal, asook algemene gesondheid. Ja Nee

Indien u troeteldier behandeling vir sy tande ontvang: (insluitend skaleer, poleer en tand ekstraksies) Dit is nie altyd moontlik om die toestand van jou troeteldier se tande te evalueer voordat hulle onder algemene narkose is nie. Eers dan kan besluit word of 'n tand (of tande) nog lewensvatbaar is of eerder verwyder behoort te word. Bykomende koste sal dan aangegaan moet word. Dit sal net gedoen word indien dit nodig is.

Die Veearts kan oordeel watter tande verwyder moet word Ja Nee

Pre-operatiewe en post-operatiewe pynverligting sal gegee word waar nodig, om die gemaklikheid van jou troeteldier te verseker

Let wel: alle hospitaliserings vereis dat 'n 60% deposito op die aanvanklike kwotasie betaal word met die opname van die pasiënt

Terme en Voorwaardes

- Ek is 18 jaar oud of ouer

• Ek is die eienaar van hierdie troeteldier Ek is bemagtig deur die eienaar

• Ek gee toestemming vir alle prosedures wat uitgevoer moet word, soos aangeteken op hierdie vorm.

- Ek verstaan dat hierdie prosedures gedoen kan word deur 'n ander veearts by Vetland Animal Hospitaal, wetende dat dit moontlik nie dieselfde veearts is wat die pasiënt opgeneem het nie.

- Ek erken dat daar 'n mate van risiko verbonde is aan enige mediese of chirurgiese prosedure en dat ek dit met die veearts bespreek het.

- Ek verstaan ook dat daar komplikasies kan ontstaan, en dat die oplossing van hierdie komplikasies bykomende kostes mag behels.
 - Ek sal betaling van alle gelde verskuldig, vereffen met die onslag van my troeteldier. Wees asseblief bewus dat die finale betaling slegs aanvaar word deur middel van **kontant of kredie/debiet. GEEN TJEKS**

Ek aanvaar die Terme en Voorwaardes van Vetland Diere Hospitaal, en verstaan ten volle dat Vetland Diere Hospitaal nie die sukses van die voorgestelde behandeling kan waarborg nie, dus vrywaar ek Vetland Diere Hospitaal van die uitkoms van die behandeling.

Kliënt / Eienaar / Verantwoordelike Party Handtekening

Datum

Veearts / Verpleegster